

Die “Woord” van God!
Leef elke dag saam met Jesus!

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



Wie is jy in God en Jesus Christus?




- Gen 1:24 En God het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle soorte. En dit was so.
- Gen 1:25 En God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte en die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, volgens hulle soorte. **Toe sien God dat dit goed was.**
- Gen 1:26 En God het gesê: **Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis**, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.
- Gen 1:27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.
- Gen 1:28 En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.
- Gen 1:29 Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.
- Gen 1:30 Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel. En dit was so.
- **Gen 1:31 Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed.** En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.

Wat wil Jesus he moet ek en jy vandag hoor!!



- Keer terug na jou eerste liefde. “Jesus ken ons , Hy weet of jy Hom eerste stel of nie”
- Wees getrou tot die dood. “Jesus sal jou die kroon van die lewe gee as jy getrou is”
- Weier Kompromie. “Kry die struikelblokke uit jou pad en moenie toegee aan die wereld nie, jy kan nie vir Jesus en die wereld leef nie”
- Bekeer julle van onsedelikheid. “Moenie ander gode dien nie”
- Word wakker en lewe. “Hoe lyk jou werke voor God”
- Hou vas aan dit wat julle het. “Sodat julle kan vas staan in beproewinge”
- Maak die deur oop, laat Jesus julle passie weer aanwakker. “Moenie lou wees nie sodat Jesus jou nie uitspoeg nie”



God wil he ek en jy moet weet, Hy moet altyd ons eersre liefde wees!



- Rev 2:1 Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:
- Rev 2:2 Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;
- Rev 2:3 en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.
- Rev 2:4 Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.
- Rev 2:5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.
- Rev 2:6 Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.
- Rev 2:7 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.

- Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
- Col 3:20 Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.



Wat leer ons oor die “Woord” van God? “Hy” was altyd daar “Joh 1:1-14”



- Joh 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.
- Joh 1:2 Hy was in die begin by God.
- Joh 1:3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.
- Joh 1:4 In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.
- Joh 1:5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.
- Joh 1:6 Daar was ‘n man van God gestuur, wie se naam Johannes was.
- Joh 1:7 Hy het tot ‘n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo.
- Joh 1:8 Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.
- Joh 1:9 Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.
- Joh 1:10 Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie.
- Joh 1:11 Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

Wat leer ons oor die “Woord” van God?

“Hy” was altyd daar “Joh 1:1-14



- Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
- Joh 1:13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.
- Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon— en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.



God wil he “ons” moet begin oorwin!



- 1Jo 5:1 Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.
- 1Jo 5:2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar.
- 1Jo 5:3 Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.
- 1Jo 5:4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.
- 1Jo 5:5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?



Hoekom is dit voordelig om volgens die “Woord” te leef?



- Die Here God wil altyd jou eerste liefde wees!
- “God wil vir jou n God wees!”
- 1. Die Here wil he jy moet Hom aanneem.
- 2. Die Here wil jou vry maak en jou sien.
- 3. Die Here wil jou n hoopvolle toekoms gee.
- 4. Die Here wil jou wysheid, kennis en bekwaam maak.
- 5. Die Here wil he ons moet tot Hom bid en Hom vertrou en weet alleenlik deur Hom is ons oorwinnaars en tot alles in staat.

